

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Die
Praktiese Toepassing
van die
Kerklike Tug

Lesing gelewer voor 'n Randse Ouderlinge-konferensie in die Gereformeerde
Kerk Johannesburg-Mayfair op Saterdag 26 Oktober 1957.

deur

Ds. L. S. KRUGER

Inhoud

VOORWOORD.....	3
DIE PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE KERKLIKE TUG	4
1. Inleiding.	4
2. Die wese en begrip van die kerklike tug.	4
3. Die noodsaaklikheid van die kerklike tug.	5
4. Die uitoefening van die tug.	6
a. Die voorwerp van die kerklike sensuur:	6
b. Die oorsake van die kerklike sensuur.	8
c. Die bedienaars van die kerklike sensuur.	8
d. Die prosedure by die kerklike sensuur.	9
5. Die versoening.....	12
6. Die doel van die kerklike tug:	13
7. Slotmerkinge.....	13

VOORWOORD

Op Saterdag 26 Oktober 1957 het ds. L. S. Kruger 'n lesing gehou voor 'n Randse Ouderlinge-konferensie oor die aktuele onderwerp: "Die praktiese toepassing van die kerklike tug." Hierdie lesing het 'n besondere indruk op die vergadering gemaak en het ook 'n baie vrugbare bespreking uitgelok. Om die waarde hiervan te behou en dit ook aan ander kerkraadslede en lidmate te laat toekom, is aan onderstaande persone opgedra om dit in brosjurevorm te laat druk en uit te gee. Met genoeë word nou aan hierdie opdrag voldoen. Ons bede is dat dit met veel vrug gebruik sal word.

P. G. W. DU PLESSIS.

P. L. MOOLMAN.

DIE PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE KERKLIKE TUG

1. Inleiding.

Die sleutelmag wat Christus aan sy kerk toevertrou het, word op tweërlei wyse toegepas. Die eerste is deur die prediking van die Woord en die tweede die toepassing van die kerklike tug of sensuur.

Die prediking van die Woord is algemeen. Dit raak die gemeente in sy geheel. Die toepassing van die sensuur, daarteenoor, is individueel, persoonlik.

Deur te luister na die gepredikte Woord word die hemele oopgesluit; vir diegene egter wat daarna nie innerlik luister nie, word dit toegesluit. As iemand hom nou in leer of lewe misgaan en die sensuur word op hom toegepas en hy verhard hom daarteen, word die hemele deur die verharding gesluit, terwyl hy, as hy hom bekeer, voor die geopende poorte staan.

Vanselfsprekend wil ons hier net handel oor die besondere tug oefeninge, en wel soos dit geskied in die kerk as instituut.

2. Die wese en begrip van die kerklike tug.

Die kerk is die liggaam van Christus. In die kerk vind ons die ouderlinge in die regeeramp. Hulle vervul die koninklike amp. Dit is die ampsroeping van die ouderlinge om te waak dat die liggaam van Christus nie ontheilig word nie. Die middel daartoe is die tug, die sensuur (1 Kor. 5:5).

Hierdie mag is deur Christus self aan die kerk gegee, en hierdie mag het 'n eie, selfstandige karakter. In 1 Kor. 12:28, Ef. 4:11, Matth. 16:19, Matth. 18:18 en Joh. 20:23 word dit vir ons verklaar. Hierdie mag is aan die ouderlinge, as opvolgers van die apostels, toevertrou. Dit is 'n geestelike mag.

Omdat alleen die Woord bindende gesag het, is die mag van die kerk 'n dienende mag. Ons is net gesante van Christus. Hy spreek deur ons. Dit is dan inderdaad die roeping van elke ouderling om gesant van Christus te wees, bewaker te wees van die heiligheid van die kerk.

Die bediening van die sleutelmag moet dus op die Woord van God gegrond wees. Die gebruik van hierdie sleutelmag, naamlik die sensuur, is die God-opgelegde taak van elke kerkraad en elke ouderling in daardie kerkraad. Sensuur is die middel om die gewete wakker te maak. Dit is die toom om die ongebondenes mee in te toom, die geneesmiddel om die krankhede in die kerk uit te suiwer, maar tewens is dit die middel om diegene wat nie waarlik aan die liggaam van onse Here Jesus Christus behoort nie, uit die kerk van Christus te weer.

Sensuur is die snoeiproses, die uitsuiwering van die dooie lote, sodat die vrugbares meer vrugte kan dra. Dit dien dus tot die opbouing van die liggaam van Christus, tot heilighouding van die verbond.

As ons dus vra wat die sensuur in sy wese is, kan ons die volgende antwoord gee: **Sensuur is die handhawing van die heerskappy van die Woord van God in die kerk van Christus.**

En hierdie handhawing van die heerskappy van die Woord van God hou in dat sensuur die vergewing of binding van die sonde is. Dit is nie die menslike besluit wat hier beslissend is nie, maar dit is God wat beslis (1 Kor. 5:4, 5). Die ouderlinge is slegs die instrument van God.

Omdat u as ouderlinge die swaard van die Gees, dit is die Woord van God (Ef. 6:17), moet hanteer; meer nog, omdat u namens Christus optree (Joh. 20:21-23), is u gemagtig om aan almal wat die Evangelie gelowig aanvaar, te verkondig dat hulle

deelgenote geword het van die heilsweldade van Christus, en ewe-eens diegene wat weier om te glo en so die toorn van God op hulle haal, die verdoemenis te predik. Sensuur is in sy wese dus ook uitsluiting uit die koninkryk van God.

'n Kerkraad kan dus **nooit** op eie gesag handel nie. Dit is en bly die Woord van God wat deur u moet spreek. Dit hou dus in dat elke ouderling die Woord van God moet lees en bestudeer, sodat nie ú nie maar die Woord van God in die werking van die Heilige Gees deur u spreek.

Die stelling dat sensuur die handhawing is van die heerskappy van die Woord van God in die kerk van Christus, hou nog verder in dat sensuur **'n liefdevolle tughandeling is van die kerkraad in besonder en van die gemeente in die algemeen met 'n persoon wat lidmaat van daardie gemeente is, met die doel: die selfbehoud van die sondaar, die heiligheid van die gemeente en, bo alles, die eer van God.**

3. Die noodsaaklikheid van die kerklike tug.

Vir die kerk as instituut, om waarlik kerk van Jesus Christus te wees, is daar drie kenmerke, volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 29, naamlik:

- (a) Die suiwere bediening van die Woord.
- (b) Die suiwere bediening van die sakramente en
- (c) Die toepassing van die kerklike tug.

Waar een van hierdie drie kenmerke ontbreek, mis daardie kerk iets om suiwere kerk van Jesus Christus te wees.

Die sensuur hoort tot die wese van die kerk en nie net tot die welwese daarvan nie. Dit wil sê die sensuur is lewensbelangrik vir die kerk om kerk van Christus te bly en is nie maar net 'n nuttige gebruik nie.

Die Woord is die uitgangspunt. Dit is die siel van die kerk. Die sakramente is sigbare waartekens en seëls om die waarheid van die Woord van God, naamlik ons liggaamlike eenheid in Christus, te bevestig en te verseël. Die tug is op sy beurt weer, soos Calvyn dit uitdruk, die senuwees. Sonder die senuwees kan die kerklike liggaam nie lewe nie. Dit is noodsaaklik vir die kerk om kerk van Christus te kan wees. Tereg verklaar Calvyn: "Daarom zoeken allen, die de tucht begeren weggenomen te zien of haar hersteld verhinderen . . . ongetwyfeld de uiterste verstrooiing der kerk"¹

Die tug is die wag by die Woord en die sakramente.

¹ Johannes Calvyn Institutie, vertaal deur dr. A. Sizoo: Boek IV, hoofstuk XII, paragraaf 1.

Ef. 2:20 verklaar dat die kerk gebou is op die fondament van die apostels en die profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is. In kort: Hierdie fondament is die waarheid van die Woord van God. Tas hierdie waarheid aan, dan verval die fondament en daarmee die hele kerklike gebou. Die tug hoort dus noodsaaklik tot die wese van die kerk as die wag wat moet waak by die suiwerheid van die leer.

So is die tug ook die wag by die sakramente. Calvyn verklaar: "En men moet hier ook rekening houden met het Avondmaal des Heren, dat het nie door uitreiking zonder onderscheid ontheilig worde. Want het is volkomen gewis, dat hij, aan wie de uitdeling is toevertrouwd, wanneer hij willens en wetens een onwaardige toelaat, die hij met recht had kunnen afhouden, even schuldig staat aan heiligschennis, als wanneer hij het lichaam des Heren de honden voorwiep."²

Die noodsaaklikheid van die sensuur word verder in 1 Kor. 5:6, 11 gestel as Paulus die beeld van die suurdeeg gebruik. "'n Bietjie suurdeeg", sê hy, "maak die hele deeg suur." En in vers 11 word 'n lys van sonde opgenoem wat soos suurdeeg die hele gemeente kan besoedel.

In Openb. 2:5 spreek Christus dat Hy die kandelaar van die gemeente in Efese sal verwyder as hy hom nie bekeer nie. Dieselfde gedagte vind ons in die brief aan Pérgamus (Open. 2:15). Dit kom daarop neer dat indien die sonde nie uit die boesem van die gemeente verwyder word nie, die hele gemeente deur Christus in die oordeel gebring sal word en tot niet gemaak sal word.

Hierin sien ons nie alleen dat die tug noodsaaklik is om kerk van Christus te wees nie maar dat dit wel tot die wese van die kerk behoort.

4. Die uitoefening van die tug.

- a. Die voorwerp van die kerklike sensuur,
- b. die oorsake van die kerklike sensuur,
- c. die bedienaars van die kerklike sensuur,
- d. die prosedure by die kerklike sensuur.

a. Die voorwerp van die kerklike sensuur:

Die tug handel oor 'n mens, 'n lewende mens, 'n mens wat nog lidmaat van die kerk is, en met name 'n sondaar wat hardnekkig in sy sonde voortgaan en die vermaninge weerstaan (Matth. 18:15, 1 Kor. 5:11-13, Tit. 3:10).

Dit gaan dus nie om 'n groep mense tegelyk nie maar om individue.

(i) Kan dooplidmate onder sensuur kom?

Op hierdie vraag moet positief geantwoord word. Tug het nie alleen betrekking op die sakramente nie; dit gaan om die lidmaatskap aan die kerk van Christus. Met die doop word 'n mens lid van die kerk. Die dooplidmate is dus wel aan die tug onderworpe.

Waar in die geval van 'n belydende lidmaat die tug ook betrekking het op die sakramente, het dit by die dooplidmaat net betrekking op sy lidmaatskap van die kerk.

Terwyl 'n belydende lidmaat afgehou kan word van die sakramente, kan die dooplidmaat nog net vermaan, onderwys en bestraf word. By die aflegging van geloofsbelydenis word iemand volmondige lidmaat van die kerk. Dan aanvaar hy vrywilliglik van sy kant om hom ook te onderwerp aan die kerklike tug as hy hom miskien in leer of wandel sal misgaan.

Dit beteken nou nie dat oor sodanige lidmaat niks verder gedoen kan word as net vermaning, en as hy nie wil luister nie, dit daar gelaat word nie. Al het die dooplidmaat

² Ibid., paragraaf 5.

nie vrywillig belydenis van geloof afgelê en hom so persoonlik verbind en verklaar dat hy hom aan die kerklike tug onderwerp nie, is hy nie daarvan vry te spreek nie, **want die tug berus nie op die vrywillige belydenis nie maar op die Verbondsverlating.** Indien so iemand dus volhard in sy sonde, moet hy deur middel van die ban uit die boesem van die gemeente van Christus geweier word.

By die tug oor dooplidmate is daar die volgende onderskeiding:

Daar is eerstens diegene wat tot hulle jare gekom het en weier om belydenis van geloof af te lê. Op watter ouderdom die kerkraad met sensuur kan begin, kan m.i. nie presies bepaal word nie. 'n Ou bestaande Sinodebesluit, naamlik dat so iemand op 30-jarige leeftyd sy lidmaatskap in die kerk verloor, is miskien nie bo weerlegging verheue nie. Ons kan die dinge van die koninkryk van God moeilik deur ons tydsbepalinge beheer.

Wat egter vas staan, is dat indien iemand ná deeglike bearbeiding weier om tot die belydenis, die persoonlike aanvaarding van sy verbondsbeloftes oor te gaan, hy beslis afgesny moet word.

Hier moet ons prakties teen 'n groot misbruik waarsku. 'n Kerkraad moet nie probeer om iemand teen sy wil tot die belydenis te dwing nie. Dit moet van sy kant 'n vrywillige saak wees. Die bearbeiding van die kant van die kerkraad moet hom innerlik oortuig. En as hy dit nie vrywilliglik wil doen nie, ag hy die Verbond nie, en daarom moet die betrokke kerkraad sy roeping in Christus handhaaf deur die Verbondsoortreders uit die kring van die Verbond te weer.

Tweedens is daar die dooplidmate wat nog nie tot hulle jare gekom het nie maar met hulle lewenswandel en lewenshandel openbaar dat hulle die genade en Verbond van God nie ag nie en openlik in sondes verval. By hulle moet die gewone prosedure gevolg word, waarby ons straks sal kom. As hulle na al die vermanings hulle bly verhard, moet hulle met die ban uit die boesem van die kerk geweier word.

(ii) Is hulle wat nie meer as lidmate van die kerk gereken word nie, ook aan die tug onderworpe?

Het iemand hom formeel van die kerk afgeskei en die kerkraad skriftelik daarvan in kennis gestel, dan verval ineens alle reg wedersyds. Die kerkraad het geen seggenskap oor hom nie.

Die kerkraad het egter nog die roeping om die persoon te wys op sy gruwelike dwaling. Daarom mag ons nie, om van 'n lastige lidmaat ontslae te raak, hom adviseer of aanhelp om die gemeenskap met die kerk op te sê nie.

Om die gemeenskap met die kerk te verbreek is 'n sonde wat nie al te lig geag moet word nie. Vir so iemand moet daar gebid word. Maar van amptelike vermaning en toepassing van sensuur kan daar oor sodanige geen sprake wees nie.

(iii) Hoe moet opgetree word met evangelisasie-objekte?

Geen lidmaat van die kerk kan 'n evangelisasie-objek wees nie. Al het so 'n persoon ver afgedwaal, bly hy nog objek van die amptelike bediening. Die evangelisasieobjek is die persoon wat aan geen kerk behoort nie. En al sal so 'n persoon besig wees om te katkiseer en hy begaan 'n tugwaardige misstap, kan die kerkraad nie sensuur oor hom toepas nie. Hoogstens kan geweier word dat hy belydenis van geloof aflê.

(iv) Hoedanig moet die optrede wees in geval van owerheidspersone en kranksinniges ?

Wat die owerheidspersone betref, moet daar 'n mate van versigtigheid aan die dag gelê word . . . nie ter wille van die persoon nie maar ter wille van die gesag waarmee God hom beklee het. Dit wil sê die kerkraad se optrede moet so wees dat dit slegs hom as persoon raak maar dat die optrede die gesag nie skend nie.

Aangaande die kranksinniges is die probleem dat hulle geen verantwoordelike besef het nie en geen rekenskap van hulle daade kan gee nie. Om sensuur op hulle toe te pas

gaan m.i. nie op nie, want sensuur kan eers ná deeglike bearbeiding geskied.

b. Die oorsake van die kerklike sensuur.

In aansluiting by artikel 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis en Kategismus vraag 85, stel artikel 72 van die Kerkorde dat die tug handel oor die sonde teen die suiwerheid van leer of vroomheid van die lewenswandel.

Dit gaan dus eerstens om die leerdwaling. 2 Tim. 3:14 v.v. stel die handhawing van die waarheid, die waarheid soos dit deur God geopenbaar is. Die waarheid setel in die openbaring van God. Ons moet ons dus daarby aanpas en nie trag om dit by ons te laat aanpas nie.

Die kerk se heerlike taak en roeping is om bewaarderes van die waarheid van die Woord van God te wees. Omdat die waarheid sy bestand en vastigheid in God vind, is leeroortreding 'n oortreding teen God.

Gedagtig aan Gal. 1 :8 moet elke ouderling vas gefundeer wees in die waarheid van die Woord, sodat hy by magte is om daarvoor te kan oordeel. En, sê die Skrif, laat diegene wat 'n valse leer bring tot 'n vervloeking wees.

Hier moet groot versigtigheid aan die dag gelê word. Ons moet onthou dat ook ander kerke waarhede besit en dat ons nie alles in pag het nie. As iemand van ons verskil, beteken dit nie noodwendig 'n leerdwaling, 'n oortreding teen God nie. Alleen as die kernwaarhede van die Skrif aangetas word, is dit sensurabel.

Die tweede oorsaak van die kerklike tug is die sonde teen die vroomheid van wandel. Die Nagmaalformulier gee hier 'n duidelike samevatting: "Daarom is dit ook dat ons, volgens die bevel van Christus en van die apostel Paulus, almal wat weet dat hulle met hierdie navolgende ergerlike sondes besmet is, vermaan om hulle van die tafel van die Here te onthou, en hulle te verkondig dat hulle geen deel in die ryk van Christus het nie . . ."

Hierdie sonde moet egter geopenbaar en verhardend wees aler die kerkraad met sensuur optree. Die sonde wat iemand in sy hart koester, lê vir sy eie rekening en nie vir die rekening van die kerk nie. Die kerk handel alleen oor wat geopenbaar word (hoewel deeglike huisbesoek soms ook hierdie verborge sondes tot openbaring kan bring.)

c. Die bedienaars van die kerklike sensuur.

In Matth. 18:17 beveel onse Here Christus: "sê dit aan die gemeente". Wel verklaar die bevestigingsformulier vir ouderlinge dat daarmee nie die hele gemeente bedoel kan wees nie maar heel gepas diegene wat deur hulle verkies is om hulle te regeer. Dit neem egter nie weg dat die hele gemeente ook deel in die tughandeling nie.

1 Kor. 5:4 spreek ook oor hierdie verband. Hiervolgens staan Jesus Christus as Hoof van die kerk as eerste bedienaar van die kerklike tug. Hy werk deur die apostels. Nou weet ons ook dat die ouderlinge die opvolgers van die apostels is. En ten derde is die gemeente self die bedienaars van die tug.

Sensuur vang aan in die boesem van die gemeente. Die onderlinge broederlike vermaninge (Matth. 18:15) is die taak en roeping van elke gemeentelid. Ook in die geval van openbare sensuur word die gemeente geken. Die afkondiging wat in verband met die sensuurgevalle van die kant van die kerkraad gedoen word, is nie maar net vir kennisname van die kant van die gemeente nie; intendeel, die gemeente neem met approbasie daarvan kennis.

Omdat die ouderlinge in die regeeramp staan, is dit ook hulle besondere taak om, namens die gemeente, die sensuur toe te pas. Maar die ouderlinge is onderworpe aan die Woord van God, aan Christus. Dit moet dus vir die gemeente wees asof dit Jesus is wat deur hulle spreek.

d. Die prosedure by die kerklike sensuur.

Die kerklike tug neem 'n aanvang wanneer een gemeentelid 'n medelid wat in leer of lewe iets misgaan het, in teenwoordigheid van twee of drie getuies Christelik vermaan nadat die oortreder na die eerste onderlinge vermaning nie wou luister nie. (Matth. 18: 15, 16).

Dit is die profetiese roeping van elke Christen. **Sensuur begin dus in werklikheid in die boesem van die gemeente.**

Indien iemand na die vermaninge in teenwoordigheid van twee of drie getuies nie geluister het nie, moet die saak aan die kerkraad gerapporteer word.

Die wyse van rapport aan die kerkraad is tweërlei: deur die betrokke wyksouderling persoonlik daarvan te berig of direk aan die vergadering Van die kerkraad.

In beide gevalle moet die persoon wat die saak aanmeld, sy plig teenoor die betrokke oortreder gedoen het. Hy moet verder ook gewillig wees om sy beswaar skriftelik in te dien en te staaf met die nodige getuienis. Indien hy weier om dit te doen, behoort hy deur die kerkraad vermaan te word.

Volgens die negende gebod is dit ons Christelike roeping om die naam van ons medegelowiges te beskerm. Ons word hier gewaarsku om ons nie aan los praatjies te steur nie. Die feite moet gestaaf word, of anders kan 'n kerkraadsvergadering nie daarvan kennis neem nie.

Wanneer iemand egter 'n gruwelike openbare sonde bedryf, moet die kerkraad, volgens artikel 76 Kerkorde, direk optree.

In sommige gevalle is dit egter moeilik om presies te bepaal of 'n sonde gruwelik en openbaar is. Die graad van openbaarheid kan vasgestel word deur te bepaal in hoeverre die hele gemeente daarvan bewus is al dan nie; en wat die gruwelikheid betref, gee die Heilige Skrif aan ons baie voorbeelde. 1 Kor. 5:11 noem byvoorbeeld hoerery, gierigheid, afgodediens (soos fortuinvertel, loterye, ens.), kwaadsprek, dronkenskap, roof. So kry ons in die Heilige Skrif baie sondelyste. En van die bedrywers van hierdie kwaad word gesê dat hulle die koninkryk van God nie sal beërwe nie. Dit is alles gruwelike sondes, wat getug moet word. Hierin moet egter onderskei word of 'n oortreder daarin volhard en of hy berou het.

Dit is baie duidelik dat 'n kerkraad in sy sensuuraksie die besondere leiding van die Heilige Gees nodig het. Daar moet gewaak word teen selfbeslissinge. Sensuur is 'n saak van gebed. Die kerkraad moet in werklikheid net die oordeel van Christus oor daardie persoon kerklik bekragtig.

Indien 'n kerkraad 'n saak opneem, vind ons die volgende prosedure:

- (1) Die ondersoek.
- (2) Die klein ban.
- (3) Die groot ban.

(1) Die ondersoek.

Wanneer 'n lidmaat, in die geval van 'n geheime sonde sy plig gedoen het en die betrokke persoon wil geen ag op al hierdie Christelike vermaninge gee nie, kan hy die saak eers by die betrokke wyksouderling aanmeld. Die ouderling tree dan in sy vermaninge amptelik op. Kan hy die broeder nie wen nie, neem hy 'n medeouderling met hom saam. Help dit nog nie, dan word die saak vir die eerste keer op die kerkraadsvergadering vermeld. Dit is seker nie nodig om te meld dat nie die breë kerkraadsvergadering bedoel word nie maar die ouderlinge-vergadering, want die diakens het ampshalwe geen seggenskap in sensuuraangeleenthede nie. Dit is wenslik dat die naam van die persoon tot hiertoe nog geheim gehou word. Die saak word aan die kerkraad gestel en om advies gevra.

Is die kerkraad van oortuiging dat die betrokke ouderlinge hulle plig gedoen het, word gemeld wie die betrokke persoon is, en die kerkraad besluit dan óf om 'n kommissie van die kerkraad na die broeder/suster te stuur óf om die betrokke persoon te versoek om voor die kerkraad te verskyn óf gaan direk oor tot die toepassing van die sensuur.

Aangesien 'n persoon wat onder sensuur verkeer, besondere aandag en bearbeiding moet geniet, is dit wenslik dat vir elke tugsak die kerkraad 'n kommissie benoem om, saam met die betrokke ouderling daardie persoon aanhoudend te bearbei. Indien die kerkraad oortuig is van die **verharding** van die betrokke persoon of van **volharding** in die sonde, word, soos gesê, met die tug voortgegaan. Die graad van die oortreding bepaal of dit eers die stille (dissiplinêre) afhouding van die sakramente sal wees of direk die eerste trap van sensuur.

Van belang is om altyd in gedagte te hou dat die betrokke persoon voldoende geleentheid gegee moet word om homself te kan verdedig en sy saak te stel. Dit kan geskied voor die betrokke ouderling met sy medeouderling, voor die kommissie of voor die hele kerkraad. Daarvolgens kan geoordeel word of dit 'n verhardende toestand is waarin die betrokke persoon verkeer, en of dit nie dalk net 'n struikeling in die vlees was waarvoor opregte berou bestaan nie.

'n Tweede belangrike aspek is dat geen ouderling individueel 'n lidmaat onder sensuur kan plaas nie. Geen predikant kan dit ook doen nie. Alleen die kerkraad, wanneer hulle saam vergader het, mag dit doen (1 Kor. 5:4).

Hier kom twee vrae aan die orde: Kan 'n skuldige iemand anders kry om sy saak te verdedig, as hy byvoorbeeld swaar van spraak is of sy gedagtes moeilik kan uitdruk? Omdat geregtigheid moet geskied, kan daar geen beswaar teen wees nie.

Mag iemand 'n getuie inroep wat nie lidmaat van die plaaslike kerk of kerkgemeenskap is nie? Beslis ja, hoewel dit nie altyd noodwendig is nie.

(2) Die klein ban.

Hier kan ons verskillende terme gebruik, byvoorbeeld stille sensuur of dissiplinêre afhouding.

Die klein ban is die eerste stap tot ekskommunikasie.

Staan die saak by die kerkraad vas, gaan hulle normaalweg oor tot die klein ban of stille afhouding.

Dit bestaan daarin dat die voorreg van die sakramente die betrokke persoon (tydelik) ontnem word. Die gemeente is hiervan nie bewus nie. Dit geskied alleen in die kring van die kerkraad.

Hierdie afhouding kan tweërlei wees:

- (a) Die kerkraad kan so iemand dissiplinêr afhou. Die reg tot die sakramente word hom ontsê.
- (b) Die kerkraad vra so iemand om hom te onthou. In hierdie geval dink ons byvoorbeeld aan iemand wat op tegniese punte deur 'n wêreldse hof onskuldig bevind is op 'n aanklag, maar die kerkraad is nie oortuig van sy onskuld nie. Met die oog op verdere ondersoek word hy gevra om hom van die sakramente te onthou. Dit kan ook voorkom in die geval waar 'n wêreldse hofsak teen 'n persoon hangende is.

In die geval van dooplidmate word hier nog net deurgegaan met die teregwysing en vermaninge.

Om iemand vir 'n tyd lank onder sensuur te plaas, gaan Skriftuurlik nie op nie; ook nie die gedagte om hom, sê byvoorbeeld drie maande, 'n proeftydperk te verleen nie. Alleen berou, en berou waarvan die kerkraad oortuig is dat dit opreg is, onthef iemand van die tug. Het hy geen berou nie, gaan die sensuur verder, en dan volg:

(3) Die groot ban.

Ons onderskei dit as die tweede stap tot afsnyding.

Hier onderskei ons tussen die volgende trappe:

- (a) Die eerste trap in die tug. Die sonde van die persoon word aan die gemeente afgekondig. Sy naam word nog verswyg. Dit wil sê aan die gemeente word afgekondig dat 'n broeder of suster, na die geval mag wees, onder die eerste trap van die kerklike tug geplaas is, en dan word die sonde en die gebod waarteen oortree is, genoem.

Hier kom die gemeente dus weer by.

Die gemeente neem hiervan met approbasie kennis, en van hulle kant moet vir die kerkraad in sy tughandeling en vir die persoon in sy sonde gebid word.

- (b) Verhard die persoon nog in sy sonde, volg die tweede trap. Dit bestaan in die afkondiging van die naam en oortreding van die persoon, met die mededeling van die datum waarop hy afgesny gaan word indien hy hom nie voor die tyd bekeer nie. Gewoonlik geskied dit met die eersvolgende Nagmaal. Voordat hierdie trap egter kan volg, moet die advies van die klassis ingewin word. Dit beteken nie dat die klassis tugmag bo die kerkraad besit nie, maar die doel hiervan is dat die klassis, as verteenwoordigers van mede-kerkrade, ondersoek sal instel of die betrokke kerkraad sy plig voldoende gedoen het en uitermatige geduld aan die dag gelê het, sodat nie al te ligtelik tot so 'n geweldige stap van afsnyding oorgegaan sal word nie.
- (c) Die derde trap is dan die afsnyding. Nog word daar aan die betrokke persoon, ná die afkondiging van sy naam, geleentheid gegee om tot inkeer te kom. Bly hy volhard, dan volg die ekskommunikasie of afsnyding volgens die vasgestelde formulier van die kerklike ban.

Hierdie formulier is onderverdeel in drie dele:

- (i) In die eerste plek word die onbekeerlikheid van die sondaar voorgestel en die noodsaaklikheid van die afsnyding aangetoon.
- (ii) Tweedens vind die afsnyding self plaas.
- (iii) Dertens word die gemeente vermaan hoe om hulle teenoor die betrokke persoon te gedra en wat hulle uit sy bedroewende voorbeeld moet leer.

Ons vind dus dat by die klein ban alles binne die kring van die kerkraad voltrek word en by die groot ban in die kring van die gemeente. Dit staan in korrelaat met die aanvanklike optrede van die gemeentelid voordat hy of sy die saak wyer rapporteer. Dit moet vanselfsprekend so geskied, want die kerkraad waak oor die sakramente. Die klein ban het alleen betrekking op die sakramente, terwyl die groot ban gaan om die volle lidmaatskap. Daar word die gemeente in sy geheel geraak.

Die klein ban ontnem die regte tydelik, die groot ban ontnem dit volledig. Daarom dat van die sensuur gespreek word as uitsluiting uit die koninkryk van God.

In hierdie verband kom 'n paar vrae na vore:

- (1) Indien 'n ouerpaar onder sensuur verkeer, mag hulle kinders gedoop word? In lyn van die Verbond wil ons hierop ontkennend antwoord.
- (2) Is die sensuur 'n straf? Die sensuur is 'n geestelike tugmiddel wat die behoud van die sondaar tot doel het. Dit is 'n liefdesaksie in die Naam van die Here. Daarom kan daar geen sprake van straf wees nie.
- (3) Vir hoe lank kom 'n persoon onder sensuur? Om iemand vir drie of ses maande of "onbepaald" onder sensuur te plaas gaan Skriftuurlik nie op nie. Ons kan geen tyd vasstel nie. Sensuur is 'n beweging totdat die sondaar hom bekeer het of totdat hy afgesny is. 'n Proeftydperk gaan dus ook nie op nie, want dit het dieselfde betekenis

as 'n opgeskorte vonnis.

Die tyd tussen die verskillende fases kan ook moeilik bepaal word. Die Kerkorde laat dit aan die vryheid en oordeel van die kerkraad oor. Die wenslike is om langsaam te haas. Prakties het dit geblyk dat ongeveer drie jaar verloop vandat iemand onder die eerste trap verskyn totdat hy afgesny is. Hier geld natuurlik die onvoorwaardelike vereiste dat daardie persoon in hierdie tyd intensief bearbei is. Daar word gespreek van **aanhoudende** vermaninge.

- (4) Word sensuur in ons tyd werklik toegepas? In 1953 het opsteller hiervan navrae by die verskillende Afrikaanse Kerke gedoen na die toepassing van die kerklike tug. Hiervolgens het geblyk dat feitlik net in die kring van die Gereformeerde Kerk daar nog tereg iets van sprake kom. In die klassis Germiston, om 'n voorbeeld te gee, verkeer gemiddeld 2% van die lidmate onder die kerklike tug. Gedurende die afgelope vyf jaar het 25 gevalle van afsnyding voor die klassis gedien.
- (5) Het die kerklike tug enige uitwerking op die geestelike lewe van die lidmate? Hierop moet beslis bevestigend geantwoord word. Uit die gegewens wat in 1953 ingewin is, het dit duidelik geblyk dat in gemeentes waar die tug gehandhaaf word, die kerkbesoek en kerklike meelewing baie hoër is as in die ander. Dit geld vir sowel die Geref. Kerk, as vir die ander twee Afrikaanse Kerke.³

5. Die versoening.

Hoe geskied die versoening?

Net berou kan iemand van die sensuur onthef.

Die versoening geskied altyd op gelyke graad met die tughandeling. Byvoorbeeld: As iemand iets fouteer en sy medelidmaat bestraf hom en hy het berou, dan mag daardie lidmaat die saak nie verder voer nie. Of as hy berou kry wanneer die ouderling hom vermaan, dan noem die ouderling sy sonde nie in die kring van die kerkraad nie, en aan die klaer word gemeld dat die betrokke persoon berou het. In die geval van die dissiplinêre afhouding moet die versoening in die kring van die kerkraad geskied. Dit is nie noodwendig dat hy voor die volle kerkraad moet verskyn nie. Die kommissie van die kerkraad wat met die saak gehandel het, verteenwoordig hier die hele kerkraad. Dit kan voor hulle geskied. As 'n persoon al onder die eerste trap verkeer het, en berou tree in, word aan die gemeente afgekondig dat 'n broeder/suster wat onder die eerste trap van die kerklike tug verkeer het, berou het en deur die kerkraad van die sensuur onthef is. Die gemeente moet dan dankend Voor God staan. In die geval van die tweede trap word

³ Dat die kerklike tug groot uitwerking op die geestelike lewe van die lidmate het, blyk uit sekere statistiese gegewens van ons drie Afrikaanse Kerke. Dit wil sê as ons kerkbesoek as 'n barometer van die beestelike lewe neem. **Die Kerkbode** van 16 Maart 1955, bl. 330, berig dat die sensurabele oortredings uitsluitend beperk is tot voorhuwelikse gemeenskap. **Die Kerkbode** van 25 November 1953, bl. 788, spreek dan ook van die N.G. Kerk se geestelike magteloosheid weens gebrek aan sensuur. Volgens **Die Kerkbode** van 21 Desember 1955 is die bywoning in die geleedere van die N.G. Kerk in die oggend slegs 14.6% van hulle sieletal, en in die aand is dit 9%. Volgens die skrywer van hierdie artikel in **Die Kerkbode** besoek 80% van die lidmate die gewone eredienste nie meer nie, terwyl slegs 32% gereeld nagmaal gebruik.

Uit die kring van die Hervormde Kerk het bogenoemde ondersoek in 1953 aangetoon dat 40% van hulle lidmate die kerk nie meer besoek nie, terwyl gemiddeld 23.7% van die lidmate die oggenddienste besoek en 20.5% die aanddienste. Volgens die gegewens verkeer 1 uit elke 2060 onder die kerklike tug.

Uit die kring van die Gereformeerde Kerk het geblyk dat ongeveer 10-15% van die lidmate die kerk nie meer besoek nie. Die oggenddienste word gemiddeld deur 49% van die lidmate bygewoon en die aanddienste deur 34%.

Hierdie gegewens laat duidelik blyk dat die kerklike tug groot uitwerking het op die geestelike lewe van die lidmate.

sy naam met die afkondiging genoem en ingeval hy klaar afgesny is, geskied die versoening deur middel van die formulier vir weeropneming, waarvan die gemeente vooraf verwittig word. In alle gevalle word die gebod waarteen oortree is, ook genoem.

In hierdie verband kom een vraag na vore:

Veronderstel iemand verkeer byvoorbeeld onder die eerste trap van die kerklike sensuur. Hy teken berou aan en word onthef van die tug. Direk daarna gaan hy weer voort met sy ou sonde, hoedanig is die optrede dan? 'n Kerkraad moet die woord van die oortreder aanvaar as hy beweer dat hy berou het. Egte berou word egter geopenbaar in 'n dankbaarheidslewe. As die kerkraad van oortuiging is dat genoemde persoon se berou slegs 'n middel was om die kerkraad te mislei, moet hierdie persoon met heilige erns vermaan word. Die tug hervat dan presies waar dit was voordat hy daarvan onthef is.

Is dit egter 'n struikeling teen sy wil, het hy die geestelike steun van die kerkraad en medegelowiges dringend nodig.

6. Die doel van die kerklike tug:

In die beskrywing van die wese en begrip van die kerklike tug het ons reeds al die doel van die tug genoem. Ons herhaal dit net hier. Op grond van 1 Kor. 5:5-7 is die doel van die tug drieërlei:

- (1) Die behoud van die sondaar. In die sensuur moet die sondaar die stem van die oordeel van Christus verneem sodat hy kan luister na die vermaninge en hom bekeer. Die doel van die sensuur is dus hier om daardie persoon as lewende steen terug te wen vir die kerk van Christus.
- (2) Wil hy hom nie bekeer nie, moet hy uit die gemeente geweier word. Die tweede doel is dus die behoud en heiligheid van die gemeente, nie alleen wat die Nagmaal betref nie maar ook wat die lidmaatskap betref. 1 Kor. 5:6 stel hier die noodsaaklikheid. In die brief aan Pérgamus (Open. 2:12 vv.) spreek Christus dat die gemeente vashou aan sy Naam. Hulle prediking was dus Suiwer. "Maar Ek het enkele dinge teen jou", so word gespreek. . . dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam, wat Balak geleer het . . . So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaiëte, wat Ek haat". En dan die uitroep: "Bekeer jou". Anders sal God teen die gemeente optree. Hierdie bekering is sensuur.
- (3) Die hoogste doel van die tug **is die eer van God**. Die verharde sondaar moet geweier word uit die liggaam van Christus.

7. Slotopmerkinge.

Indien 'n kerkraad huiwer om sensuur toe te pas omdat hy vrees dat die betrokke lidmaat die gemeenskap van die kerk kan opsê, met ander woorde, as 'n kerkraad sensuur nalaat ter wille van die getalle in die kerk (al is dit met 'n valse redenasie: solank hulle nog lidmate is, kan ons hulle bearbei), dan kan daardie kerkraad in sy openbaring nie 'n raad van die kerk van Christus wees nie, en hy word gedring deur 'n valse gedagtegang. En daardie lidmaat, wat die gemeenskap met die kerk opsê as gevolg van die tug, om in sy sonde te volhard, was nog nooit waaragtiglik Christen nie. Dit is dus beter dat hy gaan.